



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2021

**GESKIEDENIS V1
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIETNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIES – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord TWEE vrae soos volg:

Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.
6. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig demonstreer.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy en onderstreep aan die einde van elke vraag.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: HOE HET BERLYN NA 1945 'N FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG GEWORD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

- 1.1.1 Wat, volgens die bron, was die Jalta-konferensie se besluit oor Duitsland? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Definieer die begrip *Koue Oorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Duitsland en Berlyn in vier sones verdeel moes word. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Verduidelik wat geïmpliseer word met die stelling: '... waarin die voormalige lede van die Groot Koalisie '(Grand Coalition') mekaar van aangesig tot aangesig gekonfronteer het.' (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Noem DRIE hoofstede van die Westerse bondgenote soos in die bron aangedui. (3 x 1) (3)

1.2 Lees Bron 1B.

- 1.2.1 Wanneer, volgens die bron, was die eerste verhoging in die Koue Oorlog spanning? (1 x 1) (1)
- 1.2.2 Wat, volgens die bron, het die Sowjette ingestel/opgelê? (2 x 1) (2)
- 1.2.3 Noem TWEE belangrike gebeure wat tot die Sowjet-blokkade van Berlyn in 1948 gelei het. (2 x 1) (2)
- 1.2.4 Verduidelik hoe die Westerse Geallieerdes op die Sowjet-blokkade van Berlyn gereageer het. (1 x 2) (2)
- 1.2.5 Lewer kommentaar waarom Stalin besluit het om die Blokkade op te hef. (2 x 2) (4)
- 1.2.6 Hoe bruikbaar is die bron vir 'n geskiedenis-student wat navorsing doen oor die redes vir die Berlynse-Blokkade. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Watter term word in die bron gebruik om 'n regeringstelsel te beskryf wat op die beginsel van meerderheidsbesluitneming gebaseer is? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die impak wat die Berlynse-Blokkade op Oos-Wes-betrekkinge gehad het, te verduidelik. (1 x 2) (2)

1.4 Oorweeg Bron 1D.

Verduidelik die boodskappe wat deur die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bronne 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1D rakende die Berlynse-Blokkade ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Berlyn die fokuspunt van die Koue Oorlog ná 1945 geword het. (8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MOONDHEDDE BY DIE ANGOLAANSE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG BETROKKE GERAAK?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Gebruik Bron 2A.

- 2.1.1 Definieer die begrip '*kommunisme*' in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Waarom, volgens die bron, was Suid-Afrika teen 'n ooreenkoms met die MPLA gekant? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Noem TWEE organisasies wat deur die Suid-Afrikaanse regering gedurende die konflik in Angola ondersteun is. (2 x 1) (2)
- 2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse regering daarteen gekant was dat die MPLA Angola regeer. (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die stelling: 'Beide was daartoe verbind om SWAPO-basisse te weier om van die suide van Angola af te opereer.' (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

- 2.2.1 Noem die lande wat die volgende bevrydingsorganisasies gedurende die Angolese Onafhanklikheidsoorlog ondersteun het:
- (a) Die MPLA
- (b) Die FNLA (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Waarom, volgens die bron, het die Sowjetunie en Kuba in Angola ingegryp? (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Watter gevolgtrekkings kan uit die stelling gemaak word: 'Die Verenigde State het die USSR se poging om 'n rol in Angola te speel as 'n bedreiging aan sy ekonomiese belange in die streek gesien'? (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir geskiedkundiges wat die betrokkenheid van buitelandse moondhede in die Angolese Onafhanklikheidsoorlog navors. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

- 2.3.1 Hoe, volgens die bron, het die Suid-Afrikaanse Weermag UNITA tydens die Angolese Onafhanklikheidsoorlog ondersteun? (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Wat het Castro geïmpliseer met die stelling: 'Geen Kubaanse militêre eenheid is egter na Angola gestuur om direk aan die geveg deel te neem nie, en dit is ook nie beplan nie.'? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Waarom, volgens die bron, het Kuba besluit om hul troepe na Angola te stuur? (2 x 1) (2)
- 2.3.4 Verduidelik die betroubaarheid van die bron vir historici wat die redes vir Kuba se betrokkenheid by die Angolese onafhanklikheids-oorlog navors. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

- 2.4.1 Wat dink jy was die bedoeling van die fotograaf met die publikasie van hierdie foto? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)
- 2.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse Weermag op hierdie foto sou reageer. (1 x 2) (2)

- 2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes vir die buitelandse moondhede se betrokkenheid by die Angolese Onafhanklikheidsoorlog verduidelik. (8)

[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE VERLOOP VAN SKOOLINTERGRASIE OP DIE SENTRAAL HOËRSKOOLO IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, ONTVOU?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

- 3.1.1 Waarom, volgens die bron, het goewerneur Faubus die National Guard-troepe by Sentraal Hoërskool opgeroep? (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat goewerneur Faubus nie Afro-Amerikaners by Sentraal Hoërskool wou hê nie. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Waarom, volgens die bron, het die inwoners van Little Rock besluit om bymekaar te kom? (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Wat word geïmpliseer deur die stelling: 'Bloed sal in die strate loop'? (1 x 2) (2)
- 3.1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir historici wat die rol van Daisy Bates met betrekking tot die integrasie by Sentraal Hoërskool ondersoek. (2 x 2) (4)

3.2 Oorweeg Bron 3B.

- 3.2.1 Wat was, volgens die bron, Elizabeth Eckford se denke aan goewerneur Faubus om die troepe te roep? (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Noem TWEE redes waarom Elizabeth Eckford alleen by Sentraal Hoërskool aangekom het. (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Watter gevolgtrekkings kan uit die bron gemaak word oor die houding van die blanke Amerikaanse oproerige skare teenoor Elizabeth Eckford? (2 x 2) (4)
- 3.2.4 Verduidelik hoe Elizabeth Eckford se menseregte geskend is toe sy by Sentraal Hoërskool probeer ingaan het? (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

- 3.3.1 Wat dink jy was die bedoeling van die fotograaf met die publikasie van hierdie foto? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Verduidelik hoe Elizabeth Eckford in hierdie foto uitgebeeld is. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C rakende die behandeling van Elizabeth Eckford by Sentraal Hoërskool ondersteun. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Noem TWEE redes waarom die drie wit meisies hulle by hierdie geleentheid so gedra het. (2 x 1) (2)

3.4.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat hierdie drie wit meisies nie integrasie ondersteun het nie. (1 x 2) (2)

3.4.3 Waarom dink jy het Hazel Bryan teenoor Elizabeth Eckford op hierdie manier gereageer? (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die proses van skool-integrasie by Sentraal Hoërskool in Little Rock, Arkansas, ontvou het. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIETNAM

Al die militêre mag van die leër van die Verenigde State van Amerika kon nie 'n klein volkie van Viëtnamese boere verslaan nie.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die militêre strategieë wat die Verenigde State van Amerika en die Vietcong tussen 1963 en 1973 in Vietnam gebruik het.

[50]**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE**

Na die verkryging van 'n onafhanklikheid het Kongo en Tanzanië ekonomiese, sosiale en politieke uitdagings gehad, hoewel Mobuto en Nyerere suksesse behaal het om die lewenstandaard vir swartes te verbeter.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik toepaslike bewyse om jou argument te staaf.

[50]**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

Verduidelik in watter mate die Swartmagbeweging die optrede van Afro-Amerikaners in die 1960's beïnvloed het.

Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun.

[50]**TOTAAL: 100**